## Bos Oggend Voetpad

Skrik wakker vroeg in die dwaallig
cruiser se pistons wat deur my kop druis
koue stort vir brekfis
koel wind deur die bome suis
kopseer pil is die eerste dis
Sukkelend om nie die grou dag te mis

Ou army sokkies vir die moed
skuiling in n sniper kispak
versigtig die stewels oor die poot
ruik die vorige aand se vuur
baadjie se walms vaag soos die rook
Strompel uit onder vroeg son se gluur

My brein die vorige aand gekook
… Sigare, Shiraz en Songs …
staar na patrone in die vuur se rook
bosveld TV op die beste kanaal
goeie vriende en lekker braai
Elkeen vertel sy eie verhaal

Dit het my terug gevoer na iets
Wat ek laas jaar verloor het
Iewers langs die jaar se groot pad

Skop aan die hardekool se grys as
baba vlam tuig aan suiwer lug
groet skaam die nuwe dag
boom takke se sagte mompel
koffie laat my hart harder lag
Karringmelk beskuit diep dompel

Streel my troue bos vriend oor die loop
let op skrapies wat ou stories fluister
verkyker, skerp lem en nog lood
terwyl ek denkend na die wind luister
swel ou rugsak met vrug en water
Skop in die sand vir die bos se spook asem

Tree die kronkel pad uit die kamp
verby die maters wat nog slaap
eerste tree na die bosveld se ruigte
soekend na die bos se ritme
voëls se simfonie in my ore
Vinnig in die digte veld verlore

Dit neem my terug na iets
Wat ek vroeër verloor het
Iewers langs die jaar se flippen lang pad

Onder die nuwe son se strale
in die wild se dowwe kronkel strate
stadig gaan en oor spier span
fynkam skemering en skadu
vermy die oop gras en trap sag
Soek na tekens op die rooi aarde

Iemand vat die aircon se lug
son klim en gooi die hitte op
sweet teen voorkop en op my rug
waarom die swaar rugsak saam slof
hier en daar stry n ouer ledemaat
Kwaaier trek die geweer oor my skof

Beweging in die digte ruigte
self spring die dood in my arms
wees rustig en vir asem swoeg
moenie hierdie opdonder
met haas ontwrig
Skuifel nader

Vergeet van alles
Wat het ek vroeër verloor
Iewers langs laas jaar se verlore pad

Kruip op hurke
nou hoop die sagte stewels
en skuil pakkie bring hulle kante
versigtig vir droë takke
Skuifel nog nader

Lig die skouer wapen
deur die scope se lof
net die kruis vas stoei
laat die sneller los
die stilte ontplof
Dood knal eggo deur die bos

Sit by die ram se dowwe oog
trek hom in skadu neer
rus onder die groot boom
verlig, hartseer, kalmeer
dink diep oor die dood
Stil word voor die Heer

Dit neem my vorentoe na iets
Wat ek weer terugkry
Hier op die nuwe jaar se pad